DEPARTEMENT VAN BASIESE ONDERWYS

KENNISGEWING 4253 VAN 2026

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996

REGULASIES OOR DIE MINIMUM NORME EN STANDAARDE VIR PROVINSIALE ONDERWYSEROPLEIDINGSINSTELLINGS EN DISTRIK ONDERWYSERSOPLEIDINGSENTRUMS, 2026

Die Minister van Basiese Onderwys beoog om uit kragte van artikel 61(1)(*a*D) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996) die regulasies in die Bylae hierby uiteengesit, te maak.

Enige persoon wat geskrewe kommentaar op die konsep Regulasies wil voorlê, word hierby uitgenooi om dit binne 30 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing voor te lê—

(a) deur sodanige kommentaar aan die volgende adres te pos:
Privaatsak X895
PRETORIA
0001;

(b) deur sodanige kommentaar per hand by die volgende adres af te lewer:
Die Departement van Basiese Onderwys
222 Struben Straat
Pretoria
0001;

(c) deur sodanige kommentaar na die volgende adres te e-pos:
TeacherDevelopment@dbe.gov.za.

Kommentaar moet aan die Direkteur: Regsdienste gerig word, en vir die aandag van Adv. Zukile Ntshwanti gemerk word. Kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang is sal nie oorweeg word nie.



SIVIWE GWARUBE, LP
MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS

Woordomskrywings

1. In hierdie Regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet toegewys is, daardie betekenis en, tensy die samehang anders aandui beteken–

"**administrasie spasie**" die administratiewe spasies beoog in regulasie 9;

"**sentrum**" 'n Distrik Onderwyserontwikkelingsentrum beoog in regulasie 4(4);

"**voortgesette professionele onderwyserontwikkeling**" 'n beplande, voortgesette en lewenslange proses waar onderwysers hul persoonlike en professionele kwaliteite ontwikkel en hul kennis, vaardighede en praktyke verbeter;

"**instelling**" 'n Provinsiale onderwyserontwikkelinginstelling beoog in regulasie 4(1);

"**onderwyser**" 'n opvoeder soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet;

"**Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**" die Raad beoog in artikel 4 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet No. 31 van 2000);

"**ondersteunende ruimtes**" areas of fasiliteite binne 'n instelling of sentrum wat nie die hoof funksie direk uitdien nie maar noodsaaklike ondersteuning voorsien om die hoof aktiwiteite wat in die instelling of sentrum uitgevoer word effektief en volhoubaar te maak;

"**opleidingsruimtes**" opleidingsruimtes beoog in regulasie 8; en

"**universele ontwerp**" die ontwerp van produkte, omgewings, programme en dienste wat deur alle mense gebruik kan word om die diversiteit van leerders en onderwysers met funksionele beperkinge aan te spreek.

Trefwydte en toepassing

2. Hierdie Regulasies is van toepassing op alle onderwysdepartemente, en op instellings en sentrums wat onderywser ontwikkelingsprogramme aanbied.

Doel

3. Die doel van hierdie Regulasies is om norme en standaarde te stel wat gemik is op—

(a) intitusionalisasie, standaardisering en versterking van die stelsel vir onderwyser professionele ontwikkeling; en

(b) versekering dat alle onderwysers in Suid-Afrika voortdurende, hoë gehalte professionele ondersteuning belyn met nasionale onderwysvoorkeure ontvang.

Intellings en Sentrums

4.(1) Instellings is fisiese persele wat die minimum funksionele kapasiteit moet hê om as provinsiale persele te dien waarvanaf nasionale en provinsiale voorkeur voortgesette professionele onderwyserontwikkelingsprogramme gekoördineer en gelewer kan word.

(2) Instellings moet—

(a) volhoubare kantoor en administratiewe ruimtes vir provinsiale onderwyserontwikkelingsbeamptes en ander beamptes wat die ondersteuning en ontwikkeling van onderwysers en onderrig behandel, voorsien;

(b) geskikte fasiliteite voorsien wat inwoner fasiliteite waar benodig mag insluit, vir die ontwikkeling van hoof personeel soos vakadviseurs, distrik beamptes en mentor onderwysers om die lewering van gehalte ondersteuning aan onderwysers in die distrikte te voorsien; en

(c) hulbronne hê en onderhou in 'n wyse wat die instelling in staat stel om die minimum norme en standaarde beoog in hierdie Regulasies te haal.

(3) Sentrums is fisiese persele—

(a) geleë in distrikte en redelik toeganklik vir onderwysers vanaf skole in daardie distrik;

(b) waarvanaf kurrikulum en onderwyserontwikkelingondersteuning voorsien mag word;

(c) waar onderwysers toegang tot hulpbronne kan kry;

(d) waar voortgesette onderwyserontwikklingkursusse gelewer kan word; en

(e) waar onderwyser professionele leergemeenskappe goeie praktyke mag deel.

(4) Sentrums moet, waar aanwendbaar—

(a) belyn wees met die tersaaklike distrikontwikkelingsplanne; en

(b) gekoppel wees aan die instelling in die provinsie vir doeleindes van onderwyserontwikkelingsondersteuning.

(5) 'n Sentrum moet geskikte reëlings maak vir die instandhouding en bewaring van alle toerusting wat aan die Sentrum beskikbaar gemaak is.

(6) Distrik onderwyserontwikkelingsbeamptes geleë by of wat 'n sentrum ondersteun moet, waar van toepassing, onderwysers bystaan om toegang tot die geskikte ontwikkelingsgeleenthede te verkry deur—

(a) onderwysers by te staan om aan selfrefleksie aktiwiteite deel te neem, óf aanlyn óf papier-gebaseer in 'n veilige en nie-dreigende omgewing;

(b) toegang tot tersaaklike inhoud op die beskikbare platvorms vir gebruik deur onderwysers te fasiliteer;

(c) onderwysers, waar toepaslik, bystaan om die uitkomste van selfrefleksie of assesseringsprosesse te oorweeg en om geskikte kursusse of programme te identifiseer om enige ontwikkelingsbehoeftes wat geïdentifiseer is aan te spreek;

(d) onderwysers bystaan om aansoek te doen vir tersaaklike kursusse wat deur verskaffers aangebied word wat, waar toepaslik, deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoedersgoedkeur is; en

(e) inligting aan onderwysers voorsien oor beskikbare, wettige en gepaste befondsingsmeganismes vir goedgekeurde kursusse.

Toegang

5.(1) Instellings en sentrums moet—

(a) billike en aanpasbare gebruik verseker, diverse vermoë, voorkeure en behoeftes akkomodeer;

(b) toeganklike geboue, roetes, binne en buite ruimtes voorsien;

(c) inligting, kommunikasie en verwante dienste voorsien;

(d) volle fisiese en kommunikasie toeganklikheid waarborg om onderwysers in staat te stel tot billike deelname, met inbegrip van dié met gestremdhede; en

(e) verseker dat opknapping en opgraderings aan bestaande instellings en sentrums die verwydering van hindernisse prioritiseer en inklusiewe omgewings skep wat diverse gebruikersbehoeftes ondersteun.

(2) 'n Sentrum of instelling se infrastruktuur en fasiliteite moet met die vereistes van gespesialiseerde ondersteuningsprogramme belyn wees veral daardie wat onderwysers met spesiale behoeftes dien.

Perseel en identifikasie

6.(1) Die perseel vir 'n instelling of sentrum moet—

(a) vasgestel word gebaseer op geskikte topografiese toestande en die ligging moet gerieflike toegang verseker met inagname van die omliggende bevolking en demografiese faktore; en

(b) 'n naambord bevat wat duidelik sigbaar is aan die publiek, wat aandui—

(i) die naam van die instelling of sentrum, na gelang van die geval;
(ii) die kontakbesonderhede van die instelling of sentrum;
(iii) die GPS koördinate van die instelling of sentrum; en
(iv) 'n universele toeganklike QR-kode op die naambord.

(2) Wanneer 'n ligging vir 'n instelling of sentrum bepaal word, moet die volgende oorweeg word:

(a) Die getal van skole in die area.

(b) Die populasie wat gedien word.

(c) Ander geriewe en fasiliteite in die omgewing.

(d) Ruimte vereistes: daar moet voldoende ruimte vir beplande geboue en voorsiening vir toekomstige ontwikkelingsbehoeftes wees.

(e) Veiligheid en Sekuriteit: die ligging moet veilig en toeganklik vir alle gebruikers en personeel wees, weg van hoë misdaadsones.

(f) Toeganklikheid: die instelling of sentrum moet maklik per pad deur persone met gestremdhede toeganklik wees.

(g) Gradiënt: die gradiënt van die land moet nie toegang aan persone in rolstoele verhinder nie en vir hierdie doeleides moet die maksimum helling van die sypaadjie rolstoeloprit 'n helling verhouding tussen 1:12 en 1:16 hê en rolstoelopritte wat na geboue lei moet 'n helling van 1:16 tot 1:20 hê.

(h) Die ligging moet geskik geleë wees vir maklike toegang deur die publiek en private vervoer en voetverkeer.

(i) Daar moet voldoende, veilige parkering vir gebruikers se voertuie wees, aangewese parkeerplekke vir personeel moet weg van die pad af wees en parkering vir gebruikers met gestremdhede moet so na as moontlik aan die gebou voorsien word.

(j) Die ligging moet ook omgewingsveilig wees ten aansien van winde, vloede en lae-liggende gebiede wat vatbaar vir deurslagtigheid is.

Sleutel gebiede

7. 'n Omgewing om onderrig-en-leer in 'n sentrum in staat te stel moet bestaan uit—

(a) minimum opleidingsruimtes;

(b) addisionele opleindingondersteuningsruimtes;

(c) opsionele gefokusde leerruimtes; en

(d) administrasie ruimtes.

Opleidingsruimtes

8.(1) Elke instelling en sentrum moet voldoende en funksionele opleidingsruimtes voorsien om die effektiewe lewering van onderwyser ontwikkelingsprogramme te ondersteun.

(2) Kern opleidingsruimtes moet insluit maar is nie beperk nie tot die volgende ruimtes:

(a) Onderwys en leerruimtes soos opleidingskamers, vergaderingskamers, laboratoriums en werkswinkels;

(b) stoorruimtes vir onderwys en leermateriaal en vir die bewaring van sensitiewe en hoë-waarde toerusting; en

(c) kritiese gebruikersruimtes, met inbegrip van biblioteke, konferensie sale, ontspanningsruimtes en voldoende toilet fasiliteite vir leerlinge en ander gebruikers.

(3) Die minimum gemiddelde ruimte in 'n instelling of 'n sentrum toegeken vir 'n onderwyser moet as volg wees:

(a) Vir die opleiding in laboratoriums: 1.5m^2 tot 2m^2 per onderwyser; en

(b) vir onderwysers met gestremdhede: 2.4m^2 per onderwyser.

(4) Vir teorie klasse moet daar nie meer as 30 onderwyser per opleier wees nie.

(5) die getal onderwysers vir wetenskap en IKT laboratoriums moet belyn wees met die getal werkstasies of rekenaars wat in die laboratoriums beskikbaar is.

(6) Alle opleidingsruimtes moet ontwerp en toegerus wees om 'n veilige, inklusiewe en bevordelike leeromgewing te voorsien wat diverse opleidingsmodusse van onderrig-en-leer deur middel van tegnologie akkommodeer.

(7) Die minimum standaard vir opleidingsruimtes is soos uiteengesit in Tabel A in die Aanhangsel.

Administrasie ruimtes.

9.(1) Elke instelling en sentrum moet administratiewe ruimtes vir die effektiewe bestuur, beplanning en funksionering van die instelling of sentrum soos uiteengesit in Tabel B in die Aanhangsel, insluit.

(2) Administratiewe ruimtes beoog in subregulasie (1) moet insluit maar is nie beperk nie tot—

(a) kantore vir die hoof van die instelling of sentrum, vakadviseurs, spesialiste, inligtingstegnologie spesialiste en programkoördineerders;

(b) ondersteuningskamers, met inbegrip van stoorkamers, drukkamers, vergaderingskamers en personeelkamers; en

(c) sorg en ondersteuningsruimtes soos pastorale sorgkamers en siekekamers, in besonder binne sentrums.

(3) Administratiewe ruimtes moet voldoende gemeubileer wees, toeganklik wees en toegerus wees met geskikte tegnologie en hulpbronne om bestuur, koördinasie en diensleweringswerksaamhede te ondersteun.

Ondersteuningsruimtes

10. Elke instelling en sentrum moet ondersteuningsruimtes voorsien soos uiteengesit in Tabel C van die Aanhangsel, om die lewering van opleiding, administrasie en professionele ontwikkelingsaktiwiteite te komplementeer en te versterk.

Elektrisiteit

11.(1) Alle instellings en sentrums moet kragtoevoer hê wat aan alle tersaaklike wette voldoen.

(2) Die keuse van 'n geskikte kragtoevoer moet gebaseer word op die mees geskikte bron van elektrisiteit wat vir elke instelling en sentrum beskikbaar is.

(3) Die vorm van kragtoevoer beoog in subregulasie (1) mag insluit—

(a) kragnetwerk retikulasie

(b) kragopwekker;

(c) sonkrag energie; of

(d) windkrag energiebronne.

(4) Instellings en sentrums moet toegerus wees met 'n kragtoevoer van so 'n aard om dit in staat te stel om voort te gaan met werk tydens die elektriese diensverskaffer se beurtkrag.

Water

12.(1) Alle instellings en sentrums moet basiese watertoevoer hê.

(2) Voldoende wateropvangspunte en watergebruik fasiliteite moet by alle instellings en sentrums beskikbaar wees om gerieflike toegang tot en gebruik van water vir drink, persoonlike higiëne en waar toepaslik, vir voedselvoorbereiding toe te laat.

(3) Die keuse van 'n geskikte watertoevoertegnologie moet slegs gebaseer wees op 'n assessering uitgevoer op die mees geskikte watertoevoertegnologie vir elke besondere instelling en sentrum.

(4) Die watertoevoerbronne beoog in subregulasie (1) mag insluit—

(a) 'n munisipale retikulasienetwerk;

(b) opgaar van reënwater;

(c) mobiele tenkwaens;

(d) boorgate; of

(e) plaaslike reservoirs en damme.

(5) Geen instelling of sentrum mag sonder drinkbare water werksaam wees nie.

Sanitasie

13.(1) Alle instellings en sentrums moet behoorlike en voldoende sanitasie fasiliteite hê wat vir almal toeganklik is, privaatheid en sekuriteit voorsien en gesondheid en higiëne standaarde bevorder wat aan alle tersaaklike wette voldoen.

(2) Die keuse van geskikte sanitasietegnologie moet gebaseer word op 'n assessering uitgevoer oor die mees geskikte sanitasietegnologie vir elke besondere instelling of sentrum.

(3) Die sanitasie fasiliteite beoog in subregulasie (1) mag insluit—

(a) water gebaseerde sanitasie;

(b) kleinboor-rioolretikulasie;

(c) septiese of riooltenk-stelsels; of

(d) kompos toilette.

(4) Alle sanitasie fasiliteite moet aan goedgekeurde gesondeheid, veiligheid en omgewingstandaarde voldoen.

(5) Gewone put en emmer toilette word nie in instellings en sentrums toegelaat nie.

(6) Instellings en sentrums moet sanitasie fasiliteite voorsien wat toeganklikheid vir onderwysers met gestremdhede verseker en moet rolstoelopritte, handrelings, toeganklike toiletfasiliteite wat Nasionale Bouregulasies, taktiele borde en visuele hulpmiddels in ooreenstemming met Universele Ontwerp en SANS 10400 haal.

Biblioteek

14.(1) Alle instellings en sentrums moet 'n 21ste eeu oopvoedkundige biblioteek hê wat—

(a) digitale hulpbronne bymekaar voeg en druk;

(b) toegerus is met die nuutste tegnologie; en

(c) 'n omgewing van samewerking en inklusiwiteit bevorder om lewenslange leer, kreatiwiteit en kritiese denke te bevorder.

(2) 'n Biblioteek fasiliteit of media fasiliteit moet uit een of meer van die volgende modelle bestaan:

(a) 'n Mobiele fasiliteit;

(b) 'n kluster fasiliteit;

(c) 'n opleidingskamer fasiliteit;

(d) 'n gestentraliseerde sentrum fasiliteit;

(e) 'n gemeenskapsfasiliteit; of

(f) 'n IKT gebaseerde fasiliteit.

Laboratoriums vir Praktiese werksopleiding

15.(1) Alle instellings en sentrums moet toegerus wees met die nodige rekenaars, werkstasies, vertoontoestelle, apperatuur en verbruikersgoedere om dit moontlik te maak om eksperimente en praktiese werk uit te voer.

(2) Die apperatuur en verbruikersgoedere bedoel in subregulasie (1) moet in 'n veilige laboratorium, 'n mobiele laboratorium, 'n klaskamer, werkswinkel, stoorkamer of veilige houer, gehuisves word.

(3) Die grootte van 'n stoorkamer in 'n instelling of sentrum moet bevordelik wees vir die veilige stoor van materiaal en toerusting vir praktiese werk.

Tegnologie en elektroniese verbinding

16.(1) Alle instellings en sentrums moet toegerus wees met—

(a) IKT fasiliteite met die nodige hardeware en toegewyde sagteware, besigheidsintelligensie gereedskap en internet konnektiwiteit; en

(b) bedrade of draadloose konnektiwiteit vir kommunikasiedoeleindes.

(2) Die volgende kommunikasiefasiliteite moet voorsien word:

(a) Telefoon fasiliteite;

(b) internet of intranet fasiliteite;

(c) 'n interkom of openbare aanspreekstelsel; en

(d) Inligting Kommunikasie Tegnologie gebaseerde oplossings.

(3) Voldoende bandwydte moet voorsien word sodat alle leerlinge daarby baat.

Periferie sekuriteit en veiligheid

17.(1) Elke instelling en sentrum moet deur geskikte heinings omhein wees teen 'n hoogte van ten minste 1,8 meter.

(2) Instelling en sentrum geboue moet soos volg toegerus wees met veiligheid en sekuriteitsmaatreëls,:

(a) Diefwering op alle grondvloer- geboue en ander areas wat op grondvlak gebou en toeganklik is;

(b) 24-uur sekuriteitswag-beskerming; en

(c) 'n alarmstelsel.

(3) Instelling en sentrum geboue en ander fasiliteite moet aan alle wette verwant aan beskerming teen vuur konformeer.

Oorwegings vir ontwerp van opleidingsruimtes en opleiding ondersteuningsruimtes

18.(1) Natuurlike daglig moet optimaal gebruik word wanneer opleidingskamers ontwerp word om die afhanklikheid op kunsmatige beligting te verminder.

(2) Terugkaatsing moet sovêr as redelik uitvoerbaar vermy word.

(3) Ventilasie moet natuurlike ventilasie wees en moet permanente muur ontlugters en vensters met afdelings wat kan oopmaak insluit om gesonde toestande te bevorder en die risiko van verspreiding van siektes te verminder.

(4) Gebruiksgemak, natuurlike ventilasie vereistes en die onderhoud van 'n voldoende vlak van veiligheid moet in die voorsiening van vensters in aanmerking geneem word.

(5) Akoestiese toestande moet sovêr redelik uitvoerbaar duidelike kommunikasie van spraak tussen opleier en onderwyser en onder onderwysers fasiliteer en moet nie onderrig-en-leer aktiwiteite verhinder nie.

(6) Agtergrond geraas en weergalming moet sovêr as redelik uitvoerbaar tot minimum verminder word.

(7) IKT laboratoriums is gespesialiseerde ruimtes en moet nie vir enige ander doeleinde as die beoogde doel gebruik word nie.

(8) Innoverende ontwerp wat effektief, kostedoeltreffend en geskik is om 'n inklusiewe onderwys en leeromgewing te skep moet bevorder word.

Gereedskap en toerusting

19.(1) Gereedskap en toerusting moet in individuele laboratoriums gehuisves word en geen gemeenskaplike stoorkamers en gereedskapkamers word toegelaat nie.

(2) Voorraadbeheer en noukeurige ondersoek moet kwartaalliks uitgevoer word met konsolidering aan die einde van elke akademiese jaar en 'n riglyn vir die hantering van die voorraad of verbruikersgoedere moet voorsien word.

(3) Gereedskap en toerusting moet gereeld hersien word om items te identifiseer wat buite werking is of wat nie meer ekonomies herstelbaar is nie.

(4) Voor dit nie meer gebruik word nie moet sodanige gereedskap en toerusting geassesseer word vir moontlike herstel, veilige hergebruik of herontplooiing ooreenkomstig toepaslike batebestuurvereistes.

Onderhoud

20.(1) Voorkomende onderhoud wat die gereelde verf van geboue en seël van dakke insluit moet gereeld uitgevoer word om geboue en toerusting in goeie toestand te hou.

(2) Korrektiewe onderhoud wat die herstel van gebreekte vensters, deure en geute insluit moet wanneer nodig gedoen word om te verseker dat werksaamhede veilig voortgaan.

Meubels

21.(1) Elke ruimte binne 'n instelling en 'n sentrum moet voldoende en geskikte meubels vir die doel wat dit moet dien hê.

(2) By die verkryging van onderwysruimtes vir spesialis kamers soos wetenskap labratoriums, rekenaar laboratoriums en vir biblioteke, wat almal spesifieke vereistes in terme van meubels het, moet oorweging aan die geskiktheid van meubels vir volwasse gebruik gegee word.

(3) Administratiewe ruimtes moet meubels insluit wat geskik is vir 'n ontvangsarea.

(4) Onderwys ondersteuningsruimtes: moet die doel van elke ruimte oorweeg wat die verkryging van geskikte meubels vir beide binne en buiteareas lei, laasgenoemde omskryf as ontspanningsruimtes.

Verbinding van sentrums aan skole

22. 'n Sentrum moet skole binne sy ligging ondersteun waar die opleiding van onderwysers vanaf hierdie skole gelewer word.

Kort titel

23. Hierdie Regulasies word die Regulasies oor die Minimum Norme en Standaarde vir Provinsiale Onderwyseropleidingsinstellings en Distrik Onderwyseropleidingsentrums, 2026 genoem.

Aanhangsel

Tabel A: Opleidingsruimtes

			Norme vir grootte per kernruimte m²			
	Nommer		Instelling		Sentrum	
	Instelling	Sentrum	Minimum	Maksimum	Minimum	Maksimum
Opleidingskamer	10	6	60	72	48	60
Lesing teater	1	0	100	120	0	0
Biblioteek	1	1	60	72	60	72
Wetenskap/ praktiese werk laboratorium	1	1	60	72	60	72
Lewenswetenskap laboratorium	1	0	60	72	0	0
IKT/ rekenaarkamer	3	1	60	72	48	60
Bediener kamer	2	1	15	20	12	15
Veeldoelige kamer	2	2	60	72	48	60
Tegnologiekamer	1	0	48	60	0	0
Mediasentrum	1	0	60	72	0	0
Konferensiekamer	1	0	100	120	0	0
LTSM stoor	1	1	60	72	60	72
Stoor ruimtes	6	4	12	15	10	12
Ablusie fasiliteite met inbegrip van toeganklike toilet fasiliteite	Minimum 3 manlike en 3 vroulike fasiliteite, met inbegrip van fasiliteite wat toeganklik is vir persone met gestremdhede onderhewig aan toepaslike bou en sanitasie vereistes	Minimum 3 manlike en 3 vroulike fasiliteite, met inbegrip van fasiliteite wat toeganklik is vir persone met gestremdhede onderhewig aan toepaslike bou en sanitasie vereistes	2.2x2.2	-	2.2x2.2	-

Vir doeleindes van hierdie Tabel mag 'n veeldoelige kamer vergaderings, werkswinkels en ontspanning gebruike insluit waar dit geskik ontwerp en toegerus is.

Tabel B: Administrasie ruimtes

			Norme vir grootte per kernruimte m²			
	Nommer		Instelling		Sentrum	
	Instelling	Sentrum	Minimum	Maksimum	Minimum	Maksimum
Kantoor vir die Hoof	1	1	15	20	12	15
Adjunkhoof	4	1	12	15	10	15
Provinsiale/ Distriksbeampte se kantoor, met inbegrip van vakadviseurs, spesialiste, IT spesialiste en programkoördineerders	4	15	10	12	10	15
Administrasie kantoor	6	4	12	15	12	15
Ontvangsarea	1	1	12	15	10	15
Sitkamer	1	1	15	25	0	0
Raadskamer/ vergaderingskamer	1	1	24	36	48	60
Stoor ruimtes	6	2	12	15	10	15
Kluis	1	1	6	10	6	10
Drukkamer	4	2	10	15	10	15
Personeelkamer	1	1	48	60	48	60
*Pastorale sorg/ siekekamer	1	1	12	15	12	15
Kombuisie	1	1	12	15	12	15

Tabel C: Ondersteuningsruimtes

			Norme vir grootte per kernruimte m²			
	Nommer		Instelling		Sentrum	
	Instelling	Sentrum	Minimum	Maksimum	Minimum	Maksimum
Sekuriteitskamer	1	0	6	10	6	10
Eetkamer/saal	1	1	60	80	60	80